**Die Mandela-nalatenskap: Kan 'stille diplomasie' werk?**

**Ursula van Beek***

Nelson Mandela-dag is amptelik deur die Verenigde Nasies (VN) in November 2009 verklaar en word sedertdien internasionaal op 18 Julie gevier om die charismatiese leier se verjaardag te herdenk.

Die bekende Duitse sosioloog Max Weber het charisma beskryf as 'n "geskenk" wat gekenmerk word deur uitsonderlike eienskappe wat gewone mense kortkom, maar diegene wat daardie gawe ontvang het sou waarskynlik "as leiers behandel word". Nelson Mandela, of Madiba soos hy liefdevol in Suid-Afrika bekend staan, was so 'n gebore leier. Hoewel hy tot lewenslange tronkstraf op Robbeneiland gevonnis is, het hy gekies om met sy aartsvyand — die apartheidsregime wat hom daarheen gestuur het — te onderhandel eerder as om sy tyd te mors om hulle te haat. Hy het geglo emosies soos haat vertroebel die verstand en staan in die pad van strategie, iets wat hy gedink het geen leier uit die oog durf verloor nie.

Mandela se keuse om met onderhandelings te begin eerder as om wrokke te koester, dien as 'n uitstekende voorbeeld van 'n keuse wat in diens van die beste belang vir almal gemaak is. Die besluit of hy met 'n vyand wat hy as moreel afstootlik beskou het, sou onderhandel al dan nie, kon nie maklik gewees het nie. Tog, eerder as om die teenstander te demoniseer, het Mandela sy morele oordele opsy geskuif ten gunste van 'n rasionele waardebepaling van die heersende realiteit en die waarskynlike koste en voordele van onderhandelings.

Die blywende nalatenskap wat hy aan ons geskenk het, is ons vermoë om te erken dat blywende vrede meer as net 'n wapenstilstand vereis; dit vereis 'n diepgaande begrip van die onderliggende kwessies. Mandela het geglo dat dialoog, nie die rig van 'n geweer nie, die sleutel was tot die oplossing van geskille en die bevordering van stabiliteit. En hy het sy punt bewys deur Suid-Afrika te help om apartheid te laat vaar en oor te skakel na demokrasie deur vreedsame onderhandelings.

Ons kan beslis nou doen met 'n skerpsinnige en charismatiese staatsman van sy kaliber terwyl ons onsself te midde van verskeie globale krisisse bevind wat gelyktydig ontvou en mekaar op onvoorspelbare maniere versterk.

Een so 'n groot krisis is die Rusland-Oekraïne-konflik met meer lewens wat elke dag geëis word en met geen einde in sig nie. Die oorlog het reeds gelei tot aansienlike verskuiwings in globale ekonomiese en geostrategiese konfigurasies. En nou lyk dit soos 'n politieke magsbal wat deur Donald Trump en Wladimir Poetin rondgeskop word, met die ongelukkige Wolodimir Zelenski wat dit in die middelveld probeer ontduik terwyl sy land bloei.

Hoewel die lidlande van die Europese Unie (EU) Rusland se aggressie ten sterkste veroordeel en voortgesette steun vir Oekraïne se soewereiniteit en territoriale integriteit herbevestig, word hulle posisie om gebeure positief te beïnvloed, deur verskeie faktore verswak.

Eerstens lyk dit asof hulle deur Trump opsygeskuif word, wie se vyandigheid teenoor die EU redelik duidelik is en wat steeds oortuig is dat hy alleen die konflik kan beëindig — hoewel nie

meer in een dag nie! Tweedens praat die 27 state nie uit een mond terwyl hulle hul eie, soms botsende, agendas nastreef nie. Derdens het hulle kommer minder te doen met die beëindiging van die oorlog en meer met hulle eie veiligheid — ingeval Rusland die risiko verhoog deur sy territoriale ambisies verder uit te brei.

Laasgenoemde bekommernis het duidelik geword op die vergadering van Navo se militêre alliansie in Junie 2025 waar Rusland as ’n langtermynbedreiging vir die alliansie se kollektiewe veiligheid verklaar is, met lidlande wat verhoogde verdedigingsbesteding belowe en hulle steun vir Oekraïne herbevestig het.

Intussen het lande soos China, Noord-Korea en Iran almal ingestorm om hulle Russiese bondgenoot te help.

Dit het gelyk of dit die regte tyd was vir die kleine Suid-Afrika om in te gryp en weer te doen wat die land so merkwaardig een keer tevore gedoen het deur daarin te slaag om die ondergang van apartheid te bewerkstellig — wat min geglo het vreedsaam bereik kon word. Wat Suid-Afrika kwalifiseer om die bemiddelaarsrol te speel, is die land se onwrikbare nakoming van onverbondenheid in sy buitelandse beleid, wat aandui dat ander middelmoondhede, veral in die Globale Suide, ook produktief kan deelneem aan die voortgesette geopolitieke stryd terwyl hulle hul eie nasionale belange in die proses beskerm. Om nie te praat nie van die feit dat Suid-Afrika ook in ’n gunstige posisie is om die Rusland-Oekraïne-konflik te bemiddel op grond van die histories vriendelike betrekkinge met die twee lande, aangesien hulle albei die anti-apartheidstryd wat deur die African National Congress gelei is, ondersteun het.

Die samesprekings wat presidente Cyril Ramaphosa en Wolodimir Zelenski op 24 April 2025 in Pretoria gehou het, het die begin van die gesprek ingelui. Ramaphosa het Suid-Afrika se gereedheid beklemtoon om voort te gaan met die ondersteuning van multilaterale pogings om ’n volhoubare en omvattende vrede te bereik. In reaksie hierop het Zelensky sy dankbaarheid uitgespreek vir die gedeelde begrip dat die oorlog so gou as moontlik moet eindig.

Albei presidente het ’n gemeenskaplike verbintenis tot multilateralisme en respek vir die oppergesag van die reg in internasionale betrekkinge uitgespreek. Hulle het ook die sentrale rol van die VN in globale regering en in die handhawing van wêreldwye vrede en veiligheid erken. Zelenski het beklemtoon dat Suid-Afrika se huidige presidentskap van die Groep van 20 (G20) ’n geleentheid bied om die groep se verbintenis te versterk om vrede en demokrasie te verdedig.

In sy poging om die oorlog in Oekraïne te help beëindig, het Ramaphosa ’n onverwagte bonuspunt behaal toe hy ’n oproep van Trump ontvang het. Met verwysing na die besprekings tydens Zelenski se besoek aan Suid-Afrika, wou Trump ook verklaar dat die oorlog in Oekraïne vinnig tot ’n einde moet kom. Terselfdertyd het die Amerikaanse leier ingestem om binnekort met Ramaphosa te vergader.

Die voorgestelde persoonlike ontmoeting tussen Ramaphosa en Trump het wel plaasgevind. Die Oval Office-vergadering was uitdagend vir die Suid-Afrikaanse leier, aan wie video’s gewys is wat beweer dat dit die vervolging en volksmoord van wit boere in sy land uitbeeld, ’n bewering wat sedertdien ongegrond bevind is. Tot sy eer het Ramaphosa — ’n onderhandelaar uit die

Mandela-era in eie reg — onverstoord gebly. In die daaropvolgende media-inligtingsessie het hy optimisties gebly en bevestig dat die gesprekke tussen Suid-Afrika en die Verenigde State sou voortduur — en dat daar ’n moontlikheid bestaan dat Trump die G20-beraad in Johannesburg in November 2025 kan bywoon.

Indien dit sou plaasvind, sal dit ’n groot prestasie vir die Suid-Afrikaanse regering en ’n positiewe ontwikkeling vir die land wees. Aan die ander kant beweeg gebeure so vinnig en op so ’n onvoorspelbare wyse dat niemand kan voorspel wat môre mag bring nie.

Nietemin, om te kies vir onderhandeling in plaas van konfrontasie is wat Madiba sou gedoen het.

***Prof Ursula van Beek is die direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie aan die Universiteit Stellenbosch.**